

21 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Openbaring 14:14-20
Fokusgedeelte: Openbaring 14:14

Die blye boodskap van oestyd

Onthou jy toe jy op die gras op jou rug gaan lê het en na die wolke van die hemel opgekyk het? Miskien onthou jy die keer toe jy daardie pragtige wit wolk raakgesien het. Die skoonheid van daardie spierwit wolk laat mens verwonderd daarna bly staan.

Volgende keer moet jy met nog groter verwondering kyk, want daardie wit wolke moet jou aan iets baie besonders herinner. Jesus gee aan Johannes 'n gesig waarin hy vol verwondering 'n wit wolk sien en op die wolk een soos 'n Menseseun met 'n goue kroon op sy hoof. In sy hand het hy 'n skerp sekel gehad. 'n Sekel is die mes waarmee die boer sy graanoes afgesny het en in die skuur ingebring het. Wie die boer met die sekel in sy hand sien, het geweet die graan is ryp en dit is oestyd. Met groot vreugde bring 'n boer sy oes in.

Jesus laat ons die betekenis van sy wederkoms sien: DIE BLYE BOODSKAP VAN OESDAG. Die koringoes is reeds oorryp en heeltmaal gereed om geoes te word. God het lank en geduldig, ja, tot die uiterste toe geduldig gewag dat almal tot bekering sou kom. Die saad van die Woord (die blye boodskap) is deur die eeue van genadetyd gesaai en God het dit by almal wat Hy aan Christus gegee het, op goeie grond laat val. Hy het dit laat natgemaak en in hulle harte laat groei (Matt. 13). Die goeie nuus is dat met Jesus wederkoms die oes ryp sal wees en Jesus self die graanoes met groot blydschap en liefde sal insamel.

As jy weer 'n slag daardie spierwit wolk aan die blou hemel sien, onthou dan die blye boodskap wat dit vir jou bring: Met Jesus se wederkoms samel Hy sy oes van gelowiges met blydschap in!

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12

Ds. DJ (Daan) Bakker (Boksburg)